# KLEINMOND-NAWEEK 2024

| ROETE: | Boardwalk, Iona-Bosstap, Palmietrivier (Kogelberg-reservaat) | DATUM: | 12 tot 14 April 2024 |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

Agttien stappers het Vrydagaand in Kleinmond by die karavaanpark byeen gekom en verrigtinge is met 'n sosatie-braai afgeskop. Tente is opgeslaan, met die mense wat nog Vrydag laat moes werk wat bietjie in die halfdonker moes woeker. Saterdagoggend is 'n twee-fase stap aangepak. Eers is 4,5km afgelê met die "boardwalk" wat ons van die lagune se see-inloop na die hoofstrand oos van Kleinmond geneem het. Dit bly 'n asemrowende mooi seestap met Kleinmond se rotsformasies in die see wat veral baie spesiaal is. Van die hoofstrand het ons met vier voertuie gery na die dam oorkant Iona Wynplaas op die Highlands-pad tussen Arabella en Grabouw. Die staproete vanaf die dam na Cape Nature se ooshek loop met 'n (redelik vervalle) jeeppad, wat matig klim en val en jou deur by digte denneplantasies verbyneem. In die verte is die seelyn en Botrivier-lagune skouspelagtig sigbaar. Hierdie stap van 8,3km het die dag se totale stap op 12,8km te staan gebring en die slimhorlosies het 204m se hoogte verwerf aangedui. Na 'n middagdraai by Kabel Joe's waar vars seekos geniet is, het almal die aand darem nog kans gesien vir 'n meksikaanse maaltyd. Danie se nommerpas musiek het atmosfeer verskaf en daar was 'n paar sombrero's en meksikaanse versnapperinge om verrigtinge verder op te vrolik. Sondag het meeste stappers vroeg opgepak en is ons na die Kogelberg-reservaat net buite Kleinmond. Bietjie warmer weer het ons begroet en die Palmietrivier-roete van 11 km (met 225m klimhoogte) is deur al agttien aangepak en voltooi . Agv die groot reën enkele dae tevore moes die roete hier en daar aangepas word en het die strandjie-oase ons ontwyk. Nietemin was daar by die nuwe blaaskansplek (op die brug naby halfpad) kans vir 'n paar opgewarmde stappers om lyf nat te maak. Die terugstap was vinniger en net na 13:00 kon ons groet en elk huiswaarts vertrek. Dankie aan almal vir saamloop, saamkamp en saamlag. Hoogte verwerf = 429m.

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Pohl, Freddie | 090/2024 | R 10 | 24 | |
| Pohl, Susan | 091/2024 | R 10 | 24 | |
| Krause, Wynand | 039/2024 | R 10 | 24 | |
| Krause, Madie | 038/2024 | R 10 | 24 | |
| Terblanche, Kobus | 041/2024 | R 10 | 24 | |
| Terblanche,Edna | 040/2024 | R 10 | 24 | |
| Pienaar, Danie | 085/2024 | R 10 | 24 | |
| Pienaar, Susan | 086/2024 | R 10 | 24 | |
| Van Zyl, Elvin | 155/2024 | R 10 | 24 | |
| Van Zyl, Carine | 156/2024 | R 10 | 24 | |
| Booyens,Werner | 072/2024 | R 10 | 24 | |
| Sideratos,Brenda | 071/2024 | R 10 | 24 | |
| Hough, Gerna | 131/2024 | R 10 | 24 | |
| Matthee, Amanda | 045/2024 | R 10 | 24 | |
| Swart, Michelle | 153/2024 | R 10 | 24 | |
| Arangies, Riana | 146/2024 | R 10 | 24 | |
| Myburgh, Miranda | 092/2024 | R 10 | 24 | |
| Van Rensburg, Alana | 075/2024 | R 10 | 24 | |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **R 180** | **432** | |

| NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN: | NVT |
|---|---|
| ITEMS GEBRUIK: | Geen |

| NAME OP WAGLYS | |
|---|---|
| Almal geakkommodeer na kansellasies. | |
| | |

| VERSLAG DEUR: | Freddie Pohl |
|---|---|